| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 70 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 13 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE AFDELINGS**:

| | |
|---|---|
| **AFDELING A**: Leesbegrip | (30) |
| **AFDELING B**: Opsomming | (10) |
| **AFDELING C**: Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Begin **ELKE** afdeling op ’n **NUWE** bladsy.
4. Trek ’n streep ná elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord soos dit op die vraestel genommer is.
6. Laat ’n reël oop ná elke antwoord.
7. Skenk deeglike aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Voorgestelde tydsindeling:

   **AFDELING A**: 50 minute

   **AFDELING B**: 30 minute

   **AFDELING C**: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar in **BLOU** ink.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die volgende tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

# Sonkragstelsel: LIG in die donker

1. Met die koue maande van die afgelope winter, tesame met dikwels onvoorspelbare beurtkrag, is dit ’n goeie plan om te kyk na alternatiewe elektrisiteit- en verhittings-oplossings. Dit is glad nie ’n slegte idee om ’n sonkragstelsel by jou huis te laat installeer nie. Die rede? Dit is omgewingsvriendelik, betroubaar en die beste manier om te sê: “Basta met beurtkrag en die agteruitgang van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (ESKOM).”
2. Een van die mees betroubare groen alternatiewe vir ESKOM is sonkrag – en danksy die tegnologiese vooruitgang van die afgelope paar jaar is dit nie meer eksklusief vir die supperrykes beskore nie. Deesdae kan huiseienaars ook met ’n dak vol sonpanele spog en hul ligte én toestelle aanhou met elektrisiteit wat nie afgesny word of wanneer beurtkrag sy aaklige kop uitsteek nie.
3. <u>Maar wat is ’n sonkragstelsel</u>? ’n Sonkragstelsel word tuis geïnstalleer om energie van die son te verkry en in elektrisiteit te omskep. Sonpanele wat op die dak geïnstalleer word, versamel sonenergie en omskep dit in gelykstroomelektrisiteit, wat dan na ’n wisselrigter (*inverter*) gestuur word. Die wisselrigter neem die gelykstroomelektrisiteit van die sonpanele en laai die batterye. Die batterye word gekoppel aan die hoofkragleiding en voer elektrisiteit na binne die huis vir beligting en ’n verskeidenheid toestelle soos jou televisie, skootrekenaar, haardroër, wasmasjien, skottelgoedwasser, ketel en broodrooster. Groter stelsels verleen krag aan toestelle met groter verhittingselemente soos stowe, oonde en geisers.
4. Waar begin ’n mens? Voordat jy begin met die proses om sonkrag in jou huis in te rig, moet jy as huiseienaar jou energieverbruik ondersoek en dit oorweeg om die potensiële doeltreffendheid te verbeter, soos om normale ligte met *LED’s* te vervang. Om hiermee te help, sal ’n sonkragmaatskappy die nodige assessering doen en ’n kwotasie voorsien wat op jou vereistes gegrond is.
5. <u>Jy</u> moet natuurlik ook die kostes in gedagte hou. Volgens MacroClear Solar het die koste van sonkraginstallasie in 2023 tussen R60 000 en R200 000 beloop. ’n Huis van 75 m² sou byvoorbeeld 2 kW elektrisiteit per dag benodig en so ’n stelsel kos sowat R65 000. ’n Groter stelsel van 5 kW word aanbeveel vir ’n 250 m²-huis, teen ’n koste van R120 000. ’n Groter woning met hoër kragverbruik sou waarskynlik ’n 10 kW-stelsel verg, wat sowat R190 000 kos. Dié koste sluit toerusting, installasie en elektriese sertifikate in.
6. Elektrisiteitsverbruik berus grootliks op die getal elektriese toestelle in jou huis. Jou televisie trek byvoorbeeld tussen 150 tot 300 watt, terwyl ’n rekenaar wat vir speletjies gebruik word, tussen 300 tot 600 watt verbruik. Toestelle wat hitte opwek, soos geisers,

© SACAI KOPIEREG

stowe, oonde en verwarmers, kan met ’n sonkragstelsel werk, maar verg ten minste ’n 10 kW-stelsel. Vir kleiner toestelle met ’n verhittingselement, soos ’n broodrooster en ketel, is ’n 5 kW-stelsel nodig. As jy geld wil spaar op ’n sonkragstelsel, kyk na alternatiewe vir verwarmers, stowe en oonde. Gas is byvoorbeeld ’n goeie alternatief vir jou geiser en stoof.

7. ’n Installeerder moet in staat wees om jou te voorsien van ’n akkurate energieskatting van hoeveel jou stelsel elke jaar sal produseer, asook hoeveel jy sal bespaar, maar gewoonlik betaal die stelsel homself af oor drie tot vyf jaar en lewer ’n groot opbrengs op jou belegging.

8. Daar is ook ander faktore wat jy in gedagte moet hou voordat jy ’n sonkragstelsel wil laat installeer, byvoorbeeld: Hoe sonnig is dit waar jy woon? In watter rigting lê jou dak? Wat is die helling van jou dak? Wat is die grootte van jou dak? Val daar deur die dag baie skaduwee op jou dak?

9. <u>Is instandhouding van die sonpanele belangrik</u>? Ja. ’n Goed geïnstalleerde sonkragstelsel behoort ’n leeftyd te hou. Sonkragpanele verg gewoonlik baie min instandhouding om te funksioneer. Al wat nodig is, is periodieke ligte skoonmaakwerk om seker te maak dat vuilgoed, blare of ander vullis nie die sonstrale keer nie.

10. Hoe finansier jy ’n sonkragstelsel? Selfs as jy nie die kontant het om ’n sonkragstelsel vooruit te betaal nie, kan jy steeds energiekoste besnoei deur jou sonpaneelstelsel met ’n lening te finansier. ’n Sonkragstelsel kan ook gefinansier word deur toegang tot ’n huisverband.


11. Het ’n mens goedkeuring nodig wanneer jy sonpanele wil installeer? As jy in ’n kompleks woon, sal jy toestemming van die beheerliggaam of huiseienaarsvereniging nodig hê. Netwerktipestelsels moet by jou munisipaliteit geregistreer word. Die reëls wissel egter in hierdie opsig en verskil van provinsie tot provinsie. Hierdie soort registrasie hang ook af van die soort stelsel wat geïnstalleer word en die installeerder sal meer inligting kan verskaf.

12. Verbeter ’n sonkragstelsel die waarde van jou huis? Studies toon dat huise met son-energiestelsels hoër eiendomswaarde het en vinniger verkoop as dié daarsonder. Waardeerders neem toenemend sonkraginstallasies in ag om huise met die oog op die verkoop daarvan te waardeer. Namate huiskopers meer ingelig raak oor sonkrag, sal die aanvraag na eiendomme met sonkragpaneelstelsels steeds groei.

*[Bron aangepas uit www.netwerk24.com/Sonkragstelsel die antwoord op jou Eskom-frustrasies, 17 Maart 21.]*

**EN**

## TEKS B: VISUELE TEKS




*[Bron aangepas uit Eskom cartoons - Search Images (bing.com), 4 Februarie 2015.]*

## VRAE: TEKS A

1.1 Skryf die kontras in die titel neer. (1)

1.2 Verwys na paragraaf 1.

1.2.1 Waarom is dit 'n goeie idee om te kyk na alternatiewe elektrisiteit- en verhittingsoplossings? (2)

1.2.2 Noem twee positiewe eienskappe wat 'n sonkragstelsel (volgens paragraaf 1) inhou. (2)

1.3 Waarom is dit moontlik dat mense wat nie baie geld het nie ook sonpanele kan laat installeer en nie net welgestelde mense nie? (1)

1.4 Waarom dink jy is die onderstreepte vraag (paragraaf 3) 'n gepaste vraag? (1)

1.5 Wat is die funksie van 'n wisselrigter? (1)

1.6 Waarom behoort 'n huiseienaar nie sommer blindelings 'n sonkragstelsel te laat installeer nie? (2)

1.7 Verwys na paragraaf 5.

1.7.1 Na wie verwys die "jy" in paragraaf 5? (1)

1.7.2 Speel die grootte van 'n huis 'n rol wanneer daar besluit word om 'n sonkragstelsel te laat installeer? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Waarom behoort 'n geiser en stoof in gedagte gehou te word voordat 'n sonkragstelsel geïnstalleer word? (1)

1.9 Watter voordele hou die installering van 'n sonkragstelsel vir die huiseienaar in? (2)

1.10 Stem jy saam dat die huis se dak 'n rol in die installering van 'n sonkragstelsel speel? Motiveer jou antwoord. (3)

1.11 Is die onderstreepte vraag in paragraaf 9 'n geldige vraag? Motiveer jou antwoord. (1)

1.12 'n Huiseienaar is finansieel nie daartoe in staat om 'n sonkragstelsel te laat installeer nie. Wat sal jy hom/haar aanbeveel? (2)

1.13 'n Sonkragstelsel kan nie sonder toestemming geïnstalleer word nie. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (2)

1.14 Lug jou mening oor Suid-Afrika se elektrisiteitskrisis binne die afsienbare toekoms. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.15 Verduidelik die dewolusie van ESKOM met betrekking tot elektrisiteit in die visuele teks. (1)

1.16 Sou jy sê die vier figure in die visuele teks is dieselfde persoon? Motiveer jou antwoord. (1)

1.17 1.17.1 Waarom is die pyl tussen 1994 en 2024 funksioneel? (1)

1.17.2 Met watter woorde kan die datums 1994 en 2024 simbolies vervang word? (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.18 Watter woord in paragraaf 1 (TEKS A) is 'n gepaste woord om die woorde "Die dewolusie van ESKOM" saam te vat? (1)

1.19 Herlees paragraaf 2 (TEKS A). Watter woord is die oplossing vir die kragkrisis in hierdie visuele teks? (1)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ’n opsomming van **SEWE wenke om swamme én seer voete in die gimnasium te voorkom.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ’n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.
5. Maak seker dat jy jou beplanning doodtrek.

**TEKS C**

### “Gimnasiumvoete”? Hier is wenke om swamme én seer voete te voorkom

Dalk is jy een van die getroues wat by jou Nuwejaarsvoorneme gehou het om vanjaar gereeld in die gimnasium te kom. Om gereeld ’n draai in die gimnasium te maak, is ’n goeie idee. Maar ongelukkig is spiere en ’n skraal middel nie al wat jy saam huis toe kan bring nie. Die skaal trek al ’n rapsie ligter en dalk sien jy ’n spier of twee wat wil-wil bult, maar o wee, nog iets het intussen verander. Daar is ’n gedurige gejeuk tussen jou tone. En verbeel jy jou of kry jou voete seer as jy op hulle trap?

Voetskimmel (swamme) is deel van ons wêreld, en veral waar mense storte deel, is die kans goed dat hulle hul op ons lyf kan tuismaak. Dié soort swamme floreer in plekke soos gimnasiums. Hitte en nattigheid is so reg in dié organismes se kraal. Die algemeenste velaandoening wat ’n mens in gimnasiums en gedeelde storte kan opdoen, is atleetvoete, oftewel voetskimmel. Voetskimmel is ’n vorm van ringwurm. Ten spyte van die kwaal se naam is ringwurm nie ’n wurm nie, maar ’n swaminfeksie.

Maak die oefentoerusting in die gimnasium behoorlik skoon voordat jy dit gebruik. Jy behoort ook eerder jou onder- of boklere aan te hou wanneer jy in saunas of elders in ’n gimnasium rondsit. Jy stap in die gimnasium rond en vat aan verskeie oefentoerusting om dit te toets. Dit is belangrik om steeds enige gimnasiumtoerusting met alkoholgebaseerde handreiniger te ontsmet nadat jy daaraan gevat het. Só beskerm jy ander gimnasiumgebruikers.

Dra plakkies in die gimnasium as jy stort en as jy nie plakkies het nie, koop vir jou ’n plastiekstortmatjie net vir jou gebruik wanneer jy stort. Plakkies en ’n stortmatjie voorkom dat jou voete met swamme op die vogtige stortvloer in aanraking kom. En los maar die gewoonte om jou vriend/vriendin se handdoek te leen.

En as jy reeds op een voet voetskimmel het? Wees versigtig om nie aan jou ander voet te vat voordat jy nie jou hande ontsmet het nie. Voetskimmel is, nes ander swamverwante velkwale, aansteeklik.

*[Bron aangepas uit www.netwerk24.com/Huisgenoot. Voetprobleme? Hier’s HG se wenke om swamme én seer voete te voorkom, 16 Maart 2023.]*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

**TEKS D**




*[Bron verwerk en saamgestel uit: Google images en Weg! Feb. – Mrt. 2023.]*

3.1 3.1.1 Deur wie is die advertensie geplaas? (1)

3.1.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 3.1.1. (1)

3.2 Wie dink jy is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.3 3.3.1 Wat het die ontwerper van die advertensie visueel gedoen om seker te maak dat dit die teikengroep se aandag trek? (1)

3.3.2 Hoe beïnvloed dit die impak van die advertensie? (1)

3.4 Watter atmosfeer word met hierdie advertensie geskep? (1)

3.5 Sou ’n punt (.), en nie ’n komma nie, ná die woord “WILDERNIS” (“WILDERNIS, hier kom ek!”) nie meer funksioneel gewees het nie? Motiveer jou antwoord. (1)

3.6 3.6.1 Wat is die funksie van die voorvoegsel “ver” in die onderstreepte woord “verken”? (1)

3.6.2 Gebruik die paroniem van die woord “verken” in ’n verduidelikende sin. (1)

3.7 Waarom is die woorde “jy” en “jou” in die advertensie funksioneel? (1)


**[10]**

**EN**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent op die **bladsy** en beantwoord die vrae.

**TEKS E**



4.1 Verwys na RAAMPIE 1.

4.1.1 Waarom word die simbole (@ƶƶ5%*!) voor die uitroepteken nie in woorde uitgeskryf nie? (1)

4.1.2 Wat is die funksie van die uitroepteken? (1)

4.2 4.2.1 Waarom is dit gepas dat Ben en Babsie met hulle wysvingers in RAAMPIE 2 en RAAMPIE 3 beduie? (1)

4.2.2 Waarom dink jy verskyn Ben nie weer in RAAMPIE 3 nie? (1)

4.3 Spreek jou uit oor Ben se gesigsuitdrukking in RAAMPIE 1 en RAAMPIE 4. (1)

4.4 Verduidelik die dubbele betekenis van die woord "dit" in RAAMPIE 4 en RAAMPIE 5. (2)

4.5 Waarom is daar geen spraakborrel in RAAMPIE 6 nie? (1)

4.6 Skryf die sin in RAAMPIE 7 "Is die pakkie al hier?" in die ontkenningsvorm. (1)

4.7 Beskryf die humor in RAAMPIE 8. (1)

**[10]**

© SACAI KOPIEREG

**VRAAG 5: PROSA**

Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

# Tieners en die sosiale media – gebruik of misbruik?

1. Te veel skermtyd is waarskynlik die grootste probleem vir die meeste ouers, omdat kinders meer passief geword het. Dit raak ’n verslawing en soos met verslawing kan kinders later nie meer sonder hulle selfone klaarkom nie.

2. Navorsing dui daarop dat akademiese prestasie negatief (5.4.1) ... te veel skermtyd geraak kan word. Na aanleiding van navorsing wat in 2013 in Amerika gedoen is, is aanbeveel dat kinders jonger as twee jaar nie aan **digitale** inhoud blootgestel moet word nie en kinders ouer as twee jaar ’n maksimum van twee ure per dag skermtyd toegelaat kan word.

3. Dit is nie soseer die opvoedkundige tyd wat voor die skerm deurgebring word nie, maar die nie-opvoedkundige tyd, soos televisie, internet, rekenaarspeletjies en sosiale media.  Ander navorsing het bevind dat kinders jonger as twee negatief geraak word t.o.v. taalontwikkeling, leesvermoë en korttermyngeheue. Boonop kan dit bydra tot probleme met slaap en aandag.

4. Navorsers het die breinontwikkeling van kinders wat etlike ure per dag (5.7) voor skerms deurbring, met kinders wat die meeste van hulle tyd aan lees, speel en sosialisering bestee, vergelyk. Kinders wat te veel skermtyd gehad het se breine het swak verbindings in die areas wat taalontwikkeling en kognitiewe beheer kontroleer, getoon.

*[Bron verwerk uit:  Jou tiener en sosiale media – gebruik of misbruik? - Afrikaans.com]*

5.1 Gebruik die onderstreepte woord in die titel as 'n sterk verlede deelwoord in 'n verduidelikende sin en dui ook aan of jou antwoord 'n letterlike of figuurlike betekenis het. (2)

5.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.2) en die letter (A–D) neer.

Die onderstreepte sin in paragraaf 1 is 'n ...

A. gesegde-sin.

B. saamgestelde sin.

C. byvoeglike bysin.

D. bywoordelike bysin. (1)

5.3 In paragraaf 1 is 'n woord wat geassimileer kan word. Skryf die woord neer en dui aan hoe die woord 'n voorbeeld van assimilasie is. (1)

5.4 5.4.1 Voltooi die sin deur die korrekte woord neer te skryf. (1)

5.4.2 Tot watter woordsoort behoort jou antwoord in Vraag 5.4.1? (1)

5.5 Stem jy saam dat die woord "digitale" in paragraaf 2 'n voorbeeld van 'n afleiding is? Motiveer jou antwoord. (1)

5.6 Verbeter die spelfout in paragraaf 3 en verdeel die woord in lettergrepe. (2)

5.7 Gebruik die homoniem van die onderstreepte woord in paragraaf 4 in 'n verduidelikende sin in die meervoud. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: [70]**

© SACAI KOPIEREG